# KINDERKERK LES: Paasfees 3

## 1. INLEIDING

Wie kan vir my sê wat ons een van die dae vier? Paasfees! Wie van julle weet waaroor Paasfees gaan?

Paasfees is 'n BAIE belangrike fees vir kinders van die Here, want dan dink ons terug aan die groot en wonderlike plan wat God gemaak het, sodat die van ons wat ons lewens vir Jesus leef nie eendag hel toe hoef te gaan nie.

Dis net so 'n belangrike fees vir mense wat nog nie hulle lewens vir Jesus gegee het nie, want hierdie naweek voel altyd soos 'n 'tweede kans', nog 'n keer wat jy dit kan doen – al kan jy dit ALTYD en op ENIGE plek doen!

## 2. Die verhaal van Paasfees:

Dis Paasfees in Jerusalem. Met Paasfees sê die Jode vir God dankie dat Hy hulle uit Egipte laat trek het, en vir hulle gesorg het. Dan slag hulle 'n lammetjie en eet spesiale brood.

Jesus en sy dissipels vier ook Paasfees, hy vra sy dissipels om 'n spesiale kamer daarvoor reg te kry.

**Aktiwiteit 1**: Kry julle spasie reg vir die nagmaal. Gooi die lappie op die vloer, pak die glasies en die broodjies uit en gooi die sap in die glasies in.

Terwyl hulle om die tafel sit sê Jesus vir sy dissipels dat een van hulle Hom gaan verraai. Een van hulle gaan Sy vyande help om Hom te vang.

Almal skrik, want hulle kan nie dink dat een van hulle so iets sal doen nie, hulle is dan almal lief vir Jesus. Jesus sê dat die een wat sy brood saam met syne in die skottel steek, die een is wat Hom gaan verraai – Judas steek sy brood saam met Jesus s'n in die skottel en staan dan op van die tafel en loop uit.

Jesus weet dat Hy gaan sterf. Hy wil hê ons moet altyd onthou dat Hy vir ons sondes gesterf het. Hy neem toe brood en breek dit en gee vir elke dissipel 'n stukkie. Hy sê: "Dit is my liggaam, eet dit en onthou My". Toe neem Hy die wyn, gee vir elkeen 'n bietjie en sê: "Dit is my bloed wat al julle sondes weg was."

Dit was die eerste Nagmaal gewees. Vandag vier ons wat in Jesus glo nog altyd die Nagmaal, want dan onthou ons dat God vir Jesus gestuur het om ons sondes weg te neem.

**Sê:** Maatjies, ons gaan nou nagmaal hou. Voordat ons dit gaan doen, sê die Bybel ons moet iets belangriks doen. Ons moet enige sonde wat ons gedoen het voor die nagmaal na Jesus toe bring en vra dat Hy ons vergewe. Ons kan nie nagmaal doen as daar dalk sondes is, wat

ons nog nie na Jesus toe gebring het nie. Kom ons maak ogies toe en dan gaan ek vir ons bid. Here Jesus, ek bring my sondes na U toe en vra dat U my sal vergewe. Kom was asb my hartjie skoon. Amen.

**<u>Aktiwiteit 2</u>**: Gee die kinders wat die nagmaal wil gebruik nou die kans om dit te doen.

Nadat Jesus en sy dissipels klaar die Nagmaal gebruik het, gaan hulle na 'n tuin met die naam Getsemane toe. Jesus weet dat hulle Hom daardie nag nog gaan vang om hom te kruisig. Hy is baie bang, want Hy is God se Seun en Hy weet presies wat hulle met Hom gaan doen, en hoe moeilik dit vir Hom gaan wees. In die tuin bid Hy en vra God sy Vader dat as dit moontlik is, hierdie dinge nie met Hom moet gebeur nie, maar as God regtig dink dis nodig, dan sal Hy dit doen.

**Illustrasie: Sonde raak swaar**
Gee vir elke kind 'n boek en hulle moet "imagine" dat hierdie boek al die sondes wat hulle ooit gedoen het, bevat.

**Sê:** In hierdie boek staan al jou sondes wat jy al ooit gedoen het, opgeskryf. Elke keer wat jy gejok het, teruggepraat het, baklei, verkeerde goed gekyk het en alle ander sondes. Hoe lank sal jy hierdie boek kan hou as jy jou arm sou uitstrek en dit so vashou? Na 'n tydjie sal selfs die kleinste boek moeilik raak om op te hou.

Ek het iemand nodig wat dink hulle is sterk. Laat die vrywilliger kom staan met sy/haar arms uitgestrek soos wat Jesus aan die kruis gehang het, maar met palms wat boontoe wys. Deel kinders in twee gelyke groepe op. Die een groep kinders moet aan die linkerkant van vrywilliger staan en die ander aan die regterkant. Die kinders moet hulle boeke nou een een op die vrywilliger se linker- en regterhand plaas. Die boeke moet heeltyd gebalansseerd wees tussen die regter en linkerkant. Kyk hoe lank die vrywilliger die boeke kan hou en of hy/sy almal kan hou.

Nadat al die boeke op die vrywilliger se hande geplaas is of die vrywilliger nie meer die boeke kan ophou nie, kan almal gaan sit.

**Sê:** Kan julle net "imagine" hoe swaar die sondes van almal in ons klassie kan wees? Wat van al die sondes van elke mens in ons kerk? Wat van al die sondes in Algoa Park? Jesus het nie net sekere sondes aan die kruis kom dra nie. Die Bybel sê Hy het vir die hele wêreld se sondes kom sterf. Nou kan ons so klein bietjie verstaan hoekom Jesus daardie nag in die tuin so gebid het en hoe moeilik dit vir Hom moes gewees het, want Hy het geweet wat later gaan gebeur.

**<u>Aktiwiteit 3</u>**: Die leiers in elke groep bid en sê vir Jesus dankie dat Hy bereid was om hierdie vreeslike straf vir ons sondes te dra – straf wat eintlik ons s'n moes gewees het.

Hier in die tuin van Getsemane word Jesus deur die soldate gevang, nadat Judas vir die priesters vertel het waar om Jesus in die hande te kry.

Pilatus, die man wat moes besluit wat hulle met Jesus moes doen, het geweet dat Jesus niks verkeerd gedoen het nie. Toe hy die Jode vra wat hy met Jesus moes doen, het hulle geskree: "kruisig hom".

Nadat Jesus BAIE geslaan was, soveel so dat Hy nie eers meer sy eie kruis na Golgota kon dra nie, het hulle Hom aan die kruis vasgespyker.

**Aktiwiteit 4**: Gee vir elke kind 'n spyker en laat die kinders voel hoe skerp dit is. Laat die wat braaf genoeg is die spyker teen hulle handpalms druk om te voel hoe seer dit is. Jesus se pyn wat 100 maal erger as wat jy nou voel. En dit het Hy vir my en JOU gedoen! (neem asb weer die spykers op na die tyd).

Almal wat rondom die kruis gestaan het, het met Hom gespot, en gesê ander kon Hy red, maar nie Homself nie, as jy God se Seun is, kom van die kruis af. Jesus het nie, want Hy het geweet HOEKOM Hy aan die kruis hang, nie omdat Hy iets verkeerd gedoen het nie, maar vir elkeen van ons se sondes, sodat as ons HOM kies, dan hoef ons nie hel toe te gaan en self die straf vir ons sondes te kry nie.

**Illustrasie: *Ons sondes word vergewe*:** Vir hierdie illustrasie het jy 'n groot bord, 'n deurskynende drinkglas, 'n R1, kers en water met voedselkleursel in nodig.

Plaas die bord op 'n tafel. Vir van ons kan dit moeilik wees om te verstaan wat gebeur het toe Jesus aan die kruis gesterf het. Kom ons "imagine" ons is hierdie R1. (Plaas die R1 op die bord).

Haal die gekleurde water uit en gooi dit in die bord. Kom ons sê die water is ons sondes. Ons verdrink amper in ons sondes. Ons kan nie self van ons sondes af wegkom nie.

Plaas die kers wat aangesteek is op die bord. Jesus is ons lig en Hy het op die kruis gesterf vir ons. Plaas nou die glas oor die kers. Na 'n paar sekondes sal die lig uitgaan en die water sal opgesuig word, in die glas in. En dit is wat Jesus vir ons aan die kruis kom doen het, Hy, die kers, het al die sondes kom wegvat van ons af, soos die wat in die glas opgesuig het.

Hier is 'n voorbeeld van die Illustrasie om te help:
https://www.youtube.com/watch?v=S1-r53YVz6I

**Aktwiteit 5**: Ek gaan so paar oomblikke gee waarin elkeen saggies by hulle self vir Jesus dankie kan sê dat Hy vir hulle sondes aan die kruis gesterf het.

Terwyl Jesus aan die kruis gehang het en BAIE swaar gekry het en almal met Hom lelik was en Hom gespot het, het Hy niks leliks terug gesê nie, Hy het net vir God gevra om hulle te vergewe, want hulle weet nie wat hulle doen nie.

Toe begin dit skielik donker word. Dit was nog middag gewees, maar die son het nie meer geskyn nie. Die aarde het begin bewe en die mense het bang geword, en hulle het nie meer gespot nie. Jesus sê toe: "Dit is volbring". Dit beteken: nou is die sonde klaar betaal, Jesus het satan oorwin en hy het geen mag meer ons nie. Op daardie oomblik het Jesus gesterf, en een van die soldate het geweet dat Jesus regtig God se Seun was.

**Aktiwiteit 6**: Gee vir elke kind die uitdeelstuk, gems en backing bord en laat hulle die prentjies vinnig inkleur. Hierdie papiertjie moet hulle huistoe vat en êrens gaan opplak, of in hulle Bybels sit.

Toe hulle 'n spies in Jesus se sy steek het daar net bloed en water uitgekom, wat vir hulle gewys het dat Jesus regtig dood is.

Na Jesus se dood het een van Jesus se vriende met die naam Josef na Pilatus gegaan en gesê dat hy Jesus graag wil begrawe. Hulle het sy liggaam gevat, dit in doeke toegedraai en in 'n rotsgraf gesit met 'n groot klip voor dit.

Twee dae later, die Sondagmôre, het Maria Magdalena na Jesus se graf toe gegaan, maar toe sy daar kom was die swaar klip voor die graf weggerol, en die graf was leeg gewees. Sy het dit toe vir twee van Jesus se dissipels gaan vertel, en terwyl hulle daar was het hulle gesien dat die graf leeg was.

Maria was baie hartseer gewees en het nie verstaan dat Jesus leef nie, toe sy weer in die leë graf inkyk sien sy twee engele op die plek sit, waar Jesus gelê het. Hulle vra haar toe hoekom sy so huil, en sy sê sy weet nie waar hulle Jesus nou begrawe het nie.

Toe Maria omdraai staan Jesus voor haar, maar sy het nie geweet dat dit Hy was nie, want sy het gedink Hy is dood. Hy vra haar ook hoekom sy so huil, en toe sy Hom dieselfde antwoord as vir die engele gee, noem Hy net haar naam, en sy weet dis Hy en dat Hy leef!!



Nadat Jesus met haar gepraat het, het sy gehardloop om vir die ander te vertel dat Jesus regtig opgestaan het, en dat Hy leef!!!

**Aktiwiteit 7**: Elke kind kry 'n ballon wat hulle moet opblaas – daarop skryf hulle of die leier met 'n koukie "Jesus leef". Hierdie ballon moet hulle ook huistoe vat (ek weet van hulle gaan dit heel waarskynlik bars, maar dis hulle probleem, ons doen dit vir die kinders wat iets daaruit gaan kry).

## 3. Sluit af met gebed in julle groepies


## Uitdeelstuk vir Aktiwiteit 6

**Jesus het vir my sondes betaal**







**Jesus het vir my sondes betaal**





**Jesus het vir my sondes betaal**

**Jesus het vir my sondes betaal**